

GESTREMDHEID IN DIE EVANGELIES EN HANDELINGE

Deur Donald Katts, Kraaifontein.



Studie 3: Handeling 3: 1–10 (3:11– 4:31)

Doel van die studie

Hierdie Bybelstudie oor die genesing van 'n verlamde man deur Petrus en Johannes sluit aan by die tema oor wondergenesings van gestremde persone in die Sinoptiese Evangelies en Handeling. Hier is dit die optrede van die apostels, terwyl die voorbeelde uit Markus en Matteus gehandel het oor Jesus se bediening. Ons probeer steeds vasstel hoe die wondergenesings ons kan help om 'n Bybelse beskouing oor gestremdheid te ontwikkel. Die bedoeling is om begrip en insig te ontwikkel oor die werklikheid van gestremdheid in ons samelewing, asook om 'n lewenshouding te kweek wat gestremdheid omhels en insluit as integrale deel van ons menswees.

1 Uitdagings vandag vir persone met gestremdheid

1.1 'n Mens wonder soms oor die oorsake van mense se gestremdhede.

- Die man in Handeling 3 is van geboorte af lam. Het dit jou laat dink aan die oorsaak daarvan?

.....

- Dalk is jy self 'n gestremde persoon of ken jy iemand wat gestremd is. Deel met jou groep wat jou verbintenis met hom/haar is en wat die oorsaak van hul gestremdheid is.

.....

- Identifiseer die emosies en gedagtes wat gestremdheid by jou aanwakker. Deel dit met iemand.

.....

- 1.2 Volgens Handeling 3 moes die verlamde man daagliks deur mense na die tempel gedra word.
- Reflekteer oor die feit dat gestremde persone dikwels ander mense nodig het om hulle te versorg en dinge vir hulle te doen.
 - Gesels oor wat hierdie afhanklikheid doen aan 'n mens se menswaardigheid, ego en geestelike oortuigings.
-
- Kom ons help mekaar om te verstaan hoe die daaglikse roetine van 'n gestremde persoon verloop. Deel julle gedagtes en moontlike eie ervarings met mekaar.
-
- Die persoon met gestremdheid van Handeling 3 is 'n verlamde man. Skets 'n prentjie van die soort struikelblokke waarmee hierdie man daagliks sou moes worstel.
-

2 Gestremdheid - Lesse uit die Bybel

2.1 Die verlamde man en tyd

2.1.1 Lees verse 1-2 en reflekteer oor:

- Die belang van die tyd van die dag (vers 1).
- Die verband tussen die tyd van die dag en die gestremde persoon se leefwyse (verse 1-5).

2.2 Die persoon met gestremdheid en die mense in die verhaal

2.2.1 Lees verse 1-3 en reflekteer oor die volgende stellings:

- "Mense doen net die nodige vir gestremdes".
- "Gestremdes is altyd vir alles afhanklik van ander".
- "Mense help makliker gestremdes as nie-gestremdes wat in nood is".
- "Gestremdes moet plekke van strategiese belang uitsoek om te verseker hulle word gehelp".

2.3 Die persoon met gestremdheid en geloof

2.3.1 Lees verse 7–9 en mediteer oor die volgende:

- Gestremdes persone beleef godsdiens en geloof baie intens en persoonlik.
Die gestremde moes self geloof hê om die wonderwerk te kon laat plaasvind
.....

- Beskryf jou reaksie op die volgende stelling: Baie gestremdes is gelowig, maar tog op een of ander wyse gestremd!
.....

2.4 Die persoon met gestremdheid en die wonderwerk

2.4.1 Lees verse 2–9 en reflekteer oor die volgende:

- Jou indrukke oor die verlamde man se gemoedstoestand en karaktertrekke voor sy genesing.
- Verandering van die man se gemoedstoestand ná sy genesing. Beskryf jou gedagtes oor hierdie verandering by die man volgens verse 7-9.
.....

2.5 Die verdere verloop van die lewe van die gestremde

2.5.1 Lees verse 2 en 8

- Aan die begin van die verhaal word die verlamde man by die poort van die tempel neergesit om te bedel. Ná sy genesing gaan die eens gestremde man die tempel saam met Petrus en Johannes binne.
- Sou dit wees omdat hy nou nie meer gestremd is nie? Deel jou gedagtes met die groep.
.....

- Dink oor die toeganklikheid van kerkgeboue wat aan jou bekend is. Sal gestremde persone gemaklik daar kan inkom?
.....
.....

2.6 Die gestremde se wondergenesing en navolging

2.6.1 Lees verse 9–11 en bespreek die volgende stellings:

- Aan die begin word die gestremde "buite" gestel - teenoor Petrus en Johannes - omdat hy "iets van hulle wou hê". Ná sy genesing gaan hy "saam met Petrus en Johannes" na "binne" - in die tempel in.
.....
.....
- Dink jy nie-gestremde mense behandel en beskou gestremde persone as hul gelykes? Wat is jou ervaring hiervan?
.....

3 Iets oor Handeling vir verdere besinning.

Lukas vertel in Handeling hoe die boodskap van Jesus versprei het, die kerk tot stand gekom het en hoe die Opgestane Here deur die krag van die Heilige Gees, geloof bewerk het. Die wonderwerk van die verlamde man volg kort op die uitstorting van die Heilige Gees en die stigting van die kerk.

Handeling 3:1-4:31 word gesien as nog 'n beskrywing van die ontstaan van die kerk, ook omdat die gedeelte met die ontvangs/vervulling met die Heilige Gees eindig. Die doen van wonderwerke word deur verskeie geleerdes gesien as noodsaaklik vir die tyd waarin dit plaasgevind het. Dit was nodig om as waarborg van die waarheid te dien en van die krag van die evangelie boodskap. Ook belig hulle die feit hoekom wonderwerke so maklik deel geword het van die mense se lewens van daardie tyd. Dit was die tyd toe die apostels in 'n intieme verhouding met Jesus geleef het en daar 'n soort verwagting omtrent geloof in die lug was. Die wonderwerk geskied in die naam van Jesus en getuig van Sy gesag en mag. Wonderwerke vind vandag nog plaas.

Laaste gedagtes.

- Die verlamde man word as hulpelose geskets. Hy is iemand wat op die uitspraak van die naam van Jesus genesing ontvang.
- Deur hul blik, bevel in die naam van Jesus en hul oprigtende hand, kon Petrus en Johannes die wondergenesing laat plaasvind.
- Gee jou mening oor hoe gereed Christen geloofsgemeenskappe (gemeentes) vandag is om gestremde persone te verwelkom en te akkommodeer.